basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## DRAMATIESE KUNSTE

## 2021

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

| | |
|---|---|
| • *Caucasian Chalk Circle* | Bertolt Brecht |
| • *Kaukasiese Krytsirkel* | Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks |
| • *Mother Courage* | Bertolt Brecht |
| • *Moeder Courage* | Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks |
| • *The Good Person of Szechwan* | Bertolt Brecht |
| • *Kanna Hy Kô Hystoe* | Adam Small |

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

| | |
|---|---|
| • *Waiting for Godot* | Samuel Beckett |
| • *Afspraak met Godot* | Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks |
| • *Bagasie* | André P Brink |
| • *The Bald Primadonna* | Eugene Ionesco |
| • *Die Kaalkop Primadonna* | Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks |

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**

| | |
|---|---|
| • *Skrapnel* | Willem Anker |
| • *Top Girls* | Carol Churchill |
| • *Popcorn* | Ben Elton |
| • *Buried Child* | Sam Shepard |

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | |
|---|---|
| VRAAG 2: *Woza Albert!* | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF** |
| VRAAG 3: *Sophiatown* | Junction Avenue Teater Company **OF** |
| VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* | PG du Plessis |

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | |
|---|---|
| VRAAG 5: *Nothing but the Truth* | John Kani **OF** |
| VRAAG 6: *Groundswell* | Ian Bruce **OF** |
| VRAAG 7: *Mis* | Reza de Wet |

5. **AFDELING D**
**Hierdie vraag is VERPLIGTEND.**


## AFDELING A: 20ste-EEUSE TEATERBEWEGINGS

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

Verwys na BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A**



In hierdie spieël van die teater sien ons die weerkaatsing van onsself, besig om ons eie ervaringe uit te leef.

[Dudley Nichols, *Educational Journal Volume 3*, Oktober 1956]

Bespreek, in 'n opstel, tot watter mate jy saamstem of nie saamstem nie, dat die aanhaling in BRON A die 20ste-eeuse Teaterbeweging en die toneelteks wat jy bestudeer het, weerspieël.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Karakters
- Verhoogopstelling
- Temas

Skryf die titel van die toneelteks en 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy bestudeer het (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater) aan die begin van jou opstel neer.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B**

| | |
|---|---|
| PERCY: | There is no jobs! |
| MBONGENI: | There is jobs!!! Ten thousand bricks! This morning there were many people at the gates standing there looking for work.<br>And you chased them away! |
| PERCY: | Zulu boy, you're getting cheeky, huh? |
| MBONGENI: | I'm not getting cheeky. It's true. |
| PERCY: | Ja! I'm cutting down your salary. I think you're getting too much. Ja! Ja! |
| MBONGENI : | The boss can't cut salary. |
| PERCY: | Ek gaan dit doen! (I'm going to do it.) |
| MBONGENI: | That's not showing sympathy for another man. The cost of living is too high. There's too much inflation. |
| PERCY: | Zulu boy! Zulu boy! You sit around waiting for Morena and then you come and tell me about the cost of living? You talk about inflation? What do you know about inflation? I've got you here, just here. One more mistake, one more cheeky, and you're fired! |

2.1 Bespreek kortliks die konteks wat die skepping van *Woza Albert!* geïnspireer het. (2)

2.2 Identifiseer die karakter wat Percy in hierdie toneel speel. (1)

2.3 Verduidelik die onregverdighede wat deur Percy se woorde en houding teenoor Mbongeni in reël 5 en reël 7 uitgebeeld word. (4)

2.4 Lig die sosio-ekonomiese omstandighede (probleme) wat in BRON B weerspieël word, uit. (4)

2.5 Stel voor hoe jy die karakters, Percy en Mbongeni, in BRON B fisies op die verhoog sou plaas sodat die toneel effektief sal wees. (3)

2.6 Assesseer of Morena se rol (reël 13) vir die temas en boodskappe van die toneelstuk belangrik is of nie, alhoewel hy eers in die slottoneel op die verhoog verskyn. (6)

2.7 'n Toneelstuk is nie net woorde op papier nie. Dit is 'n lewende wêreld wat asemhaal en op die verhoog geskep word.

2.7.1 Bespreek die werkswinkelproses vir 'n toneelstuk en hoe hierdie proses 'n 'lewende wêreld wat asemhaal' op die verhoog kan skep. (8)

2.7.2 Veronderstel jy is 'n regisseur. Verduidelik hoe jy enige van die tonele in die toneelstuk op die verhoog as 'n 'lewende wêreld wat asemhaal' sal uitbeeld deur die gebruik van die volgende aspekte van opvoerings-/teaterelemente te bespreek:

- Stel
- Klankeffekte
- Karakterisering (12)

**[40]**

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C**

> I'm telling you. I walk into the Ritz – me and my boys. We open the doors – swing doors. Wam! Wam! And everybody's dancing. I stand for a moment. Very quiet. Just like Styles. I survey the scene from under my hat. And then – Ladies and Gentlemen, Mataras and Majietas, Dames en Here – the music is still playing – Blue Moon – but nobody's dancing. They're all looking at me. I say, 'Ladies this side, Gents that side.' They're all up against the walls. And I walk to the gents, 'Ouens, steek julle hande uit.' And all the left hands shoot out, zip! All the rappe. And as I walk I thank each of them as I go by.
> (*He saunters, hat in hand, reliving the collection of the watches.)*
> And I walk up to the ladies. 'Yes ladies let's see what you got. Show your necks.' And they showed! There were pearls, big ones and little ones. And I say, 'Make your gifts. And I walk, just like in church collections.

3.1 Beskryf kortliks die konteks wat die skep van *Sophiatown* geïnspireer het. (2)

3.2 Identifiseer die karakter wat in BRON C praat. (1)

3.3 Verduidelik hoe hierdie karakter se aksies, woorde en houding die lewe van 'n gangster uitbeeld. (4)

3.4 Lig die sosio-ekonomiese omstandighede wat in BRON C weerspieël word, uit. (4)

3.5 Stel voor hoe jy moontlik fisies die toneel in BRON C sal blok sodat dit effektief kan wees. (3)

3.6 Assesseer hoe die karakter wat in VRAAG 3.2 geïdentifiseer is, tot die stemming en energie van die toneel in BRON C bydra. Moet NIE die inligting wat in VRAAG 3.5 gegee is, herhaal NIE. (6)

3.7

> 'n Toneelstuk is nie net woorde op papier nie. Dit is 'n lewende wêreld wat asemhaal en op die verhoog geskep word.

3.7.1 Bespreek die werkswinkelproses vir 'n toneelstuk en hoe hierdie proses 'n 'lewende wêreld wat asemhaal' op die verhoog kan skep. (8)

3.7.2 Veronderstel jy is 'n regisseur. Verduidelik hoe jy enige van die tonele in die toneelstuk op die verhoog as 'n 'lewende wêreld wat asemhaal' sal uitbeeld deur die gebruik van die volgende aspekte van opvoerings-/teaterelemente te bespreek:

- Stel
- Klankeffekte
- Karakterisering (12)

**[40]**

**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D**

> Dis nie van Ma wat ek wou weg nie … dis van die plek af. *(Stemmingsverandering: dringend).* Ma, ek kan nie met Jakes trou nie. Ek wil nie hier bly nie. Ek wil nie hierdie lewe hê nie, ook nie die mans nie, Ma. Ek wil nie 'n man hê wat getrek huis toe kom nie … as hy huis toe kom … met dwarsklappe en kleintjies nie. *(pouse) …* Ek wil nie oudgebaar wees op dertig nie*. (Pouse, stemmingsverandering).* Weet Ma, hulle weet nie van ons nie … by die werk, hulle dink ons bestaan nie … hulle lag as hulle van ons hoor, of as hulle hoor waar ek bly, weet hulle nie waar om te kyk nie. Ons maak hulle verleë oor ons – oor ons. Hulle weet nie van ons nie. Hulle weet nie dat ons leef en wat ons voel nie. Hulle weet nie *(dringend).* Ek wil van geweet wees, Ma, ek wil nie vrek soos 'n hond nie, ek wil van geweet wees *… (nadenkend).* Ek wou so graag van geweet wees.

4.1 Bespreek kortliks die konteks wat moontlik PG du Plessis geïnspireer het om *Siener in die Suburbs* te skryf. (2)

4.2 Identifiseer die karakter wat in BRON D praat. (1)

4.3 Verduidelik hoe die karakter se aksies, woorde en houding die lewe van iemand wat in die suburbs woon, uitbeeld. (4)

4.4 Lig die sosio-ekonomiese omstandighede wat in BRON D weerspieël word, uit. (4)

4.5 Stel voor hoe jy moontlik die toneel in BRON D fisies sal blok sodat dit effektief kan wees. (3)

4.6 Assesseer die impak van die karakter in BRON D om dramatiese spanning in die toneelstuk te skep. (6)

4.7

> 'n Toneelstuk is nie net woorde op papier nie. Dit is 'n lewende wêreld wat asemhaal en op die verhoog geskep word.

4.7.1 Bespreek die werkswinkelproses vir 'n toneelstuk en hoe hierdie proses 'n 'lewende wêreld wat asemhaal' op die verhoog kan skep. (8)

4.7.2 Veronderstel jy is 'n regisseur. Verduidelik hoe jy enige van die tonele in die toneelstuk op die verhoog as 'n 'lewende wêreld wat asemhaal' sal uitbeeld deur die gebruik van die volgende aspekte van opvoerings-/teaterelemente te bespreek:

- Stel
- Klankeffekte
- Karakterisering

(12)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994 – KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E**



[Bron: Businessdailyafrica.com]

5.1 Identifiseer die karakters van verhoog links na verhoog regs. (3)

5.2 Kies 'n karakter en gee 'n kort beskrywing van hom of haar. (3)

5.3 Bestudeer die liggaamstaal in BRON E en verduidelik wat dit van die verhouding tussen die karakters voorstel. (3)

5.4 Verwys na jou antwoord op VRAAG 5.2. Analiseer die rol van hierdie karakter in die ontwikkeling van die dramatiese spanning in die toneelstuk. (6)

5.5 Beskryf die effektiwiteit van die gebruik van 'n afgeslote stel vir die opvoering van hierdie toneelstuk. (3)

5.6 Die dekorstel is 'n omgewing vir die aksie.

Lewer kommentaar op die toepaslikheid van die stelling hierbo ten opsigte van BRON E. (6)

5.7 Verduidelik DRIE tegnieke van Stanislavski se stelsel/metode en toon hoe 'n akteur elke tegniek kan aanwend om 'n geloofwaardige en realistiese karakter te skep. (6)

5.8

| |
|---|
| Alhoewel realistiese toneelstukke binne 'n spesifieke sosiopolitiese agtergrond geplaas word, is elke toneelstuk relevant vir enigeen, oral, altyd. |

Evalueer hierdie stelling met verwysing na die sosiopolitiese agtergrond, temas en boodskappe van *Nothing But The Truth.* (10)
**[40]**

**VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F**



[Bron: Backstage.com]

6.1 Identifiseer die karakters van verhoog links na verhoog regs. (3)

6.2 Kies 'n karakter en gee 'n kort beskrywing van hom. (3)

6.3 Bestudeer die liggaamstaal in BRON F en verduidelik wat dit van die verhouding tussen die karakters voorstel. (3)

6.4 Verwys na jou antwoord op VRAAG 6.2. Analiseer die rol van hierdie karakter in die ontwikkeling van die dramatiese spanning in die toneelstuk. (6)

6.5 Beskryf die effektiwiteit van die gebruik van 'n afgeslote stel vir die opvoering van hierdie toneelstuk. (3)

6.6 Die dekorstel is 'n omgewing vir die aksie.

Lewer kommentaar op die toepaslikheid van die stelling hierbo ten opsigte van BRON F. (6)

6.7 Verduidelik DRIE tegnieke van Stanislavski se stelsel/metode en toon hoe 'n akteur elke tegniek kan aanwend om 'n geloofwaardige en realistiese karakter te skep. (6)

6.8


| |
|---|
| Alhoewel realistiese toneelstukke binne 'n spesifieke sosiopolitiese agtergrond geplaas word, is elke toneelstuk relevant vir enigeen, oral, altyd. |

Evalueer hierdie stelling met verwysing na die sosiopolitiese agtergrond, temas en boodskappe van *Groundswell.* (10)
**[40]**

**VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Bestudeer BRON G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G**



[Bron: Netwerk24.com]

7.1 Identifiseer die karakters wat sit van verhoog links na verhoog regs. (3)

7.2 Kies 'n karakter en gee 'n kort beskrywing van hom of haar. (3)

7.3 Bestudeer die liggaamstaal in BRON G en verduidelik wat dit van die verhouding tussen die karakters voorstel. (3)

7.4 Verwys na jou antwoord op VRAAG 7.2. Analiseer die rol van hierdie karakter in die ontwikkeling van die dramatiese spanning in die toneelstuk deur die karakter agter die skerms. (6)

7.5 Beskryf die effektiwiteit van die gebruik van 'n afgeslote stel vir die opvoering van hierdie toneelstuk. (3)

7.6 Die dekorstel is 'n omgewing vir die aksie.

Lewer kommentaar op die toepaslikheid van die stelling hierbo ten opsigte van BRON G. (6)

7.7 Verduidelik DRIE tegnieke van Stanislavski se stelsel/metode en toon hoe 'n akteur elke tegniek kan aanwend om 'n geloofwaardige en realistiese karakter te skep. (6)

7.8

| Alhoewel realistiese toneelstukke binne 'n spesifieke sosiopolitiese agtergrond geplaas word, is elke toneelstuk relevant vir enigeen, oral, altyd. |
|---|

Evalueer hierdie stelling met verwysing na die sosiopolitiese agtergrond, temas en boodskappe van *Mis.* (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

**Hierdie vraag is VERPLIGTEND.**

### VRAAG 8

Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H**

Drama en teater kan ons in uitdagende tye help om vir 'n kort rukkie aan die werklikheid te ontsnap. Dit laat ons lag, vermaak ons, leer ons en beur ons op. Dit is sekerlik waar vir Suid-Afrika vandag.

President Ramaphosa het tydens die Covid-19-pandemie 'n nasionale ramptoestand in Suid-Afrika afgekondig. Sommige beperkings het sosiale en fisiese afstandhouding en grendeltyd ingesluit, wat vereis het dat ons teaters moes sluit en skoolbywoning moes staak.

8.1 Stel voor hoe drama en teater jou kan help om vir 'n 'kort rukkie aan die werklikheid te ontsnap' (BRON H). (4)

8.2 Dink na oor die verskillende maniere waarop jou ervaring van Dramatiese Kunste tydens grendeltyd moontlik beïnvloed is terwyl jy by die huis moes leer. (6)

8.3 Stel opvoeralternatiewe voor wat teatergeselskappe moontlik kon instel om te vergoed vir die verlies aan inkomste toe teaters moes toemaak. (4)

8.4 Jy is gevra om 'n opvoedkundige teaterproduksie oor enige huidige sosiale kwessie deur middel van Grotowski se Armteater- of Gestroopte Teaterbeginsels te skep.

Sosiale kwessies kan die volgende insluit: Corona-virus, armoede, MIV/Vigs, geslagsgebaseerde geweld, mensehandel, ens.

8.4.1 Identifiseer die sosiale kwessie en jou teikengehoor. (2)

8.4.2 Motiveer die doelwit en boodskap van jou produksie. (4)

8.4.3 Verduidelik hoe jy die akteur-gehoorverhouding sal benader deur Grotowski se beginsels van Armteater gebruik te maak. (8)

8.4.4 Identifiseer en verduidelik die gebruik van EEN rekwisiet in jou produksie. (2)

8.5 Bespreek die Dramatiese kunste-vaardighede wat jy ontwikkel het tydens jou voorbereiding van jou aangepaste tema/oudisieprogram vir jou finale eksamen.

Verwys na die volgende:

- Stemvaardighede
- Fisiese vaardighede
- Toneelspelvaardighede

(10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou